12 AUGUSTUS 2018

09:00 Erediens

Immanuel van Tonder

Geen Kategese a.g.v. langnaweek

Geen Kleuterkerk

blommetjies vir ons mammas

18:00 Aanddiens

Liani Louw

'Die lewe is...'-preekreeks: gister, vandag en verewig

19 AUGUSTUS 2018

09:00 Erediens – Nagmaal

Eric Scholtz

Geen Kategese a.g.v. nagmaal

Geen Kleuterkerk

18:00 Belydenisaflegging & Pelgrimsgroepe
(Snr. Kategese)

Immanuel van Tonder

19:00 Belydenisklas

Kursus #2: Spiritualiteit van die lewe *(Grootgroep)*

As deel van die belydenisklasprogram woon ons belydenisklas en hulle ouers op 19 Augustus die aanddiens by NG Villeria by. Na afloop van die erediens drink ons saam met die jongmense van ECHO Youth Development koffie. Ons ontmoet mekaar om 18:15 by NG Villeria. Vir meer inligting kontak gerus vir Fay van Eeden 083 478 0854.

Voorbidding:

Cecilia Röder, Monicastraat 453B, Lynnwood, 082 486 0921 – herstel na operasie.

Aansoek vir belydenisaflegging op 19 Augustus sluit vandag. E-pos asseblief so gou moontlik jou aansoekvorm aan bets@nglynnwood.co.za.

Die week se kalenderaktiwiteite

Dinsdag:	**Bybelstudie** 08:30 (Kapel) – Eric Scholtz 012 361 4219 / 082 856 5959. **Gemeentevroue Groep 4** 09:30 (Ilze du Plessis, Die Rand 335A, Lynnwood, 012 361 2588). Ds Anton Pienaar kom gesels oor: *Waar geloof, soos ons dit ken, begin het*. **Tabita Naaldwerkklasse** 14:00 (Kerksaal) – Selma du Preez 082 448 6413. **Nuwe Generasie Bybelskool** 19:00 (Sjêk) – Jakkie Strachan 084 547 1660. **Bybelstudie** 19:15 (Koinonia) – Immanuel van Tonder. Tema: *Godsbeeld*
Woensdag:	**Studente-selgroep** 19:00 (Sjêk) – Jeanri Bezuidenhout 074 893 2836. **"Young couples"-omgeegroep** 19:00 – Fay van Eeden 083 478 0854. **Kerkraadagenda sluit.**
Donderdag:	**Bybelstudie** 09:30 (Lynnwood Oord). **Tabita Naaldwerkklasse** 14:00 (Kerksaal) – Selma du Preez 082 448 6413. **Jong Volwasse-omgeegroep** 19:00 (Sjêk) – Fay van Eeden 083 478 0854.
Vrydag:	**Bybelstudie** 08:00 (Kapel) – Eric Scholtz 012 361 4219 / 082 856 5959. **Gebedsgroep** 09:30 (B5). Kontak: Hanthi Jacobs 012 361 9058 / 083 293 0263 of Peet Crous 012 348 4004 / 079 893 5572 met gebedsversoeke.

"#geeREG" Maaltydkoepon-stelsel:

Elke dag word daar in die strate van Pretoria en Centurion 'n bedrag van tot R4 miljoen vir bedelaars gegee. Solidariteit Helpende Hand se navorsing het vasgestel dat tot 90% van bedelaars dwelms misbruik. Die probleem word elke dag net groter. Deur die geeREG-projek kan u maaltydkoepons koop wat die behoeftes van bedelaars baie meer verantwoordelik aanspreek. Maaltydkoepons is by die Info-toonbank of die kerkkantoor beskikbaar @ R15 elk.

Dankoffers:

Oorweeg asseblief biddend 'n dankoffer d.m.v. een van die volgende wyses: koevert, aftrek- of debietorder of elektroniese oorplasing. Bank-besonderhede: NG Lynnwood, ABSA Takkode: 632005, Tjekrekening nr. 540 580 014 (gebruik asseblief u Voorletters en Van as verwysing) en e-pos bewys van betaling aan finansies@nglynnwood.co.za of *Snap Scan*.

Snap here to pay

SnapScan

Baie welkom aan alle besoekers en nuwe intrekkers. Ontmoet gerus die predikant na die oggenddiens by die liturgiese ruimte. Skryf asseblief ook u naam in die boek in die portaal of skakel die kerkkantoor. Ons wil u graag verwelkom. Besoek ook gerus die Info-toonbank na die diens vir enige navrae.

Kontak van die week: Daardie week...toe ons op 'n dollar 'n dag geleef het.

Ek en Peet het die voorreg gehad om tydens die vakansie 'n week in Rwanda te spandeer. Met ons besoek aan die Kivu meer het ons die interessantste bote gesien. Die plaaslike mense het verduidelik dat die bote aan vissermanne behoort wat Sambaza vissies met groot nette uittrek. 'n Hele nag se werk lewer slegs 'n paar kilogram vis waarvoor hulle baie min betaal word. Een van die booteienaars het vertel dat die gemiddelde visserman $32 per maand verdien. Dit het my aan die dink gesit – hoe sou dit wees om van $1 'n dag te leef? Kan 'n mens van een doller 'n dag leef? Dit is presies wat dertien van ons van 30 Julie tot 3 Augustus gedoen het…en hier is van ons belewenisse.

Elise du Plessis
Dit was sekerlik die grootste opoffering nog ooit in my lewe. Ek was so honger, ek kon glad nie by die werk konsentreer nie, en het elke aand voor 21:00 gaan slaap omdat ek so honger was. Ek het permanent hoofpyn gehad. Voor ek begin het met die uitdaging, het ek gedink, ek gaan maar net my groente by die groenetewinkel koop inplaas van by die Spar. Daar is feitlik geen groente wat jy los kan koop nie, soos 'n wortel, 'n paar spenasie blare, want 'n bossie is te duur. 'n Piesang werk uit op R1.42, en glo my dit is glad nie so vullend as wat ek gedink het nie. Stysel is meer bekostigbaar, maar dan het jy net stysel. Ek kon 'n ete maak vir R6,40 wat bestaan het uit 'n wortel, 2 klein aartapeltjies, mieleirys en 'n 1/4 pakkie hoender magies. Dit was net een ete, en dit was nie genoeg kos om my vol te maak nie. Ons besef glad nie hoe bevoorreg ons is om elke dag genoeg geld te hê om kos mee te koop nie. Ons het nou net op kos gesny, maar ons het nog elke dag warm water gehad om in te bad, 'n dak oor ons kop en 'n warm bed om in te slaap, en dit was vir my bitter moeilik.

Armand Fourie
Dit het my opgeval hoe onverantwoordelik ons met kos werk, omdat ons "min" waarde daaraan heg. Daardie tamatie wat bietjie te sag is of die brood wat bietjie hard is en op die ou ent weggegooi word, is vir baie mense 'n volle maaltyd. Ons moet nie net meer verantwoordelik word in hoe ons voedsel gebruik nie, maar ook in die hoeveelhede wat ons aankoop.

Liani Louw
Uitdaging, meer soos lewensveranderend. 'n Ervaring soos nog nooit van te vore nie. 'n Dollar 'n dag - nie net het my maag by tye gebrand van die honger nie, maar dit was byna onmoontlik om 'n gebalanseerde maaltyd te eet. R15 klink nie net na min nie, dit is min. Om te dink dat 1.1 biljoen mense daagliks so leef, laat mens net weer besef hoe bevoorreg ons is. Ek kan myself nie indink hoe dit moet wees om elke dag so te moet leef nie. Na hierdie week kan ek met alle eerlikheid sê dat my hand om te gee bietjie groter oop is.

Jeanri Bezuidenhout
'n Dollar 'n dag... 'n Vreemde konsep wat hierdie week my perspektief op sy kop kom draai het. Om met net R14 'n dag te hê om mee kos te koop, is verseker 'n uitdaging. Een van die nuwe insigte is juis dat ek dinge meer in perspektief gesien het. Die mense rondom my se idee van geld en voedsel het vir die eerste keer sterk teenoor my eie gestaan. R50 vir 'n burger was nie meer vir my 'n "bargain" nie, dit was 'n taboe, want dan moes dit my vir drie dae hou. Ek het tot die besef gekom dat die gemeenskap waarin ons leef dikwels 'n groter impak op ons denkwyse maak as wat 'n mens dink. Dit was vir my aanvaarbaar om 'n groot bedrag geld aan kos te spandeer, want almal doen dit. Dit maak dit op 'n manier "okay" om elke ete 'n feesmaal te hé. Op hierdie wyse word 'n mens se perspektief al meer verdraai en vergeet mens van die mense wat op 'n dollar 'n dag moet oorleef. Soos my perspektief geskuif het, het my empatie en simpatie ook toegeneem. My eie hongerpyne het my empatie gegee vir iemand anders se hongerpyne! Ek dink dit was die grootste geskenk van 'n-dollar-'n-dag-projek, 'n ander perspektief, en BAIE meer empatie met en bewustheid van ander se hongernood.

Peet van Eeden
Om koste te bespaar, het ons oggend- en aandetes saam by iemand se huis geëet. Hierdie samesyn om die tafel was die hoogtepunt van die week.

Fay van Eeden
Een dag het ek afgestap na die hoekkafee om vir my middagete te gaan koop. Aangesien die kafee altyd tydens middagetes besig is, was ek oortuig dat ek iets sou kon koop vir die R4 wat ek vir middagete begroot het. Groot was my teleurstelling dat die enigste kos wat ek vir die paar munte in my sak kon koop óf 'n piesang, óf 'n appel, óf 'n broodrolletjie was. Ek dink wat my die meeste gevang het was nie net die min kos wat ons geëet het nie, maar die beperkte moontlikhede wat 'n mens het. Dit is byna ontmoontlik om vars groente en vrugte met R14 'n dag te koop. Om nie eers van proteïene te praat nie. 'n-Dollar-'n-dag het my herinner aan hoe bevoorreg ek is om nie net genoeg te kan eet nie, maar te kan kies wat ek wil eet. En dat gesond-eet 'n voorreg is. Na hierdie week is 'n bord vleis en groente meer as 'n ete, dit is 'n feesmaal. Ek dink ook twee maal voordat ek sommer 'n wegneem-koffie vir R20 koop. Ek is ook meer as ooit oortuig van die waarde van sypaadjie-groentetuine waar mense, wat met 'n beperkte begroting leef, verniet hulle styseldiëet met vars groente kan aanvul.

Rachelle Visser
'n-Dollar-'n-dag het 'n paar dinge opgelewer wat ek verwag het, soos om honger te wees, my bederfies te moet los vir 'n week en so 'n bietjie dissipline te moet handhaaf. Ek het die impak totaal en al onderskat. Hierdie week het my geleer hoe ongelooflik baie ons betaal om gesond te eet. Dis bykans onmoontlik om groente en vrugte te eet met R14 'n dag. Dis so 'n ontnugterende realiteit! As jy toegang het tot 'n stukkie grond, kan jy vrugte en groente plant! Tog sien ons, ironies genoeg, kilometers tuine in ons mooie stad wat 'n tuiste vir honderde mense is wat nie toegang tot gesonde kos het nie. As jy R14 moet rek, besef jy eers hoeveel geld ons onnodig spandeer aan gesnyde groentes of gemaakte slaaie. Ek sê nie los jou gesnyde boontjies nie ... maar staan volgende keer stil en besef hoe ontsaglik ryk, bevoorreg en geseënd jy is voor jy daai gesnyde bone in jou stoompot, in jou groot skoon kombuis gooi terwyl jy dink aan jou televisie program en jou slaaptyd. Besef hoe gelukkig jy is dat jy 'n stoof kan aansit, 'n bad kan tap en 'n snoesige kombers oor jou kan

trek sonder om te wonder of jy genoeg gaan hê vir jou en jou mense vir ontbyt.

"Overcoming poverty is not a gesture of charity. It is an act of justice. It is the protection of a fundamental human right, the right to dignity and a decent life."
Nelson Mandela

Groete,
Fay
(Namens die predikantespan)

EK BIED MY GAWE AAN:

Naam _____

Selfoonnommer _____ **Landlyn nommer** _____

E-posadres _____

Kort beskrywing van Gawe

_____

Terme en Voorwaardes van gawe (bv. X2 mense per week, Maandae)

_____

_____ _____
Handtekening **Datum**

*** Handig asseblief in by die info-toonbank, kerkkantoor of in die mandjie in die portaal.
*** Skakel 065 383 7292 of stuur gerus ook per epos aan helplift@nglynnwood.co.za.

Gemeenskap

Eenslaapkamer-tuinwoonstelletjie vir enkel persoon word dringend benodig. Kontak asb. die kerkkantoor 012 348 1245 indien u kan help.

Eenheid te huur (h/v Sussexlaan en Chappiesweg). Nuwe eenheid; hoek ligging in sekuriteitskompleks; 2 slaap- en 2 badkamer; groot sit- en eetkamer oopplan leefvertrek en meer. Inligting op die kennisgewingbord of skakel 083 300 2183 of 082 601 0274.

Kennisgewingborde: Indien u 'n kennisgewing op die borde wil plaas, bring dit asseblief na die kerkkantoor of Info-toonbank – baie dankie vir u samewerking in dié verband.

Motorwagdonasies: Houers in die portaal beskikbaar – dankie vir u ondersteuning.

Byderhand: Kragonderbrekings: 012 339 9111 (080 111 1556 tolvry) of SMS "power" gevolg deur jou rekeningnommer na 082 612 0333. Straatligprobleme: 080 111 1556 of e-pos customercarep@tshwane.gov.za. Slaggate en/of robotte uit: e-pos customercare@tshwane.gov.za. Water probleme: 012 358 2111 of 012 327 0147 of e-pos customercare@tshwane.gov.za. Watermeterlesings (deurgee) – rooster vir 2018 beskikbaar by www.tshwane.gov. Meer inligting oor ander gebeure op die web (by 'vorms').